

Wat wedergeboorte is

Elkeen van ons weet wat dit beteken om gebore te word: 'n klein kindjie kom in die wêreld in. Hy begin lewe. Gebore word, beteken dus om te begin lewe. Daarom sê ons ook 'n vrou het die lewe geskenk aan 'n kind.

In vers 3 is daar nou nie sprake van geboorte nie, maar van wedergeboorte . Dit wil sê mense wat alreeds gebore is, word weer gebore. Hulle ontvang weer die lewe. Waarom moet mense wat alreeds gebore is, mense wat reeds lewe, nou weer die lewe ontvang? Die antwoord is baie eenvoudig: Hulle het die lewe gehad, maar hulle het dit verloor.

Ons het die lewe gehad en dit verloor. Toe Adam en Eva geskape is, het ons gelewe.

Met lewe bedoel ek lewe in die volste en rykste sin van die woord. Ons het gelewe in God se paradys, in die HERE se teenwoordigheid. Daar is niks heerliker en mooier as dit nie. Dit is lewe.

Maar dis is juis daardie lewe wat ons verloor het. Deur die sondeval is die lewensband met God afgesny. God was toornig op hulle en God se toorn is niks anders as dood nie, die ewige dood. Deur die sonde van ons eerste voorouers, Adam en Eva, het in die plek van die heerlike, volmaakte paradyslewe die dood gekom.

Sing: Skrifberyming 9:1Dr.
(Daniëlskuil/Delportshoop)

A.H.

Bogaards